

Ken jy nog die krag van die godsdiens?

Ontmoet lidmaat A. Baie van die sondes wat in 2 Timoteus 3:2-4 genoem word, kom ook in sy lewe voor. Tog is hy jare lank lidmaat van die gemeente en woon hy die eredienste redelik gereeld by. Die hartseer is dat jare se in-die-kerk-wees hom nie juis verander het nie. Dit is nogal 'n bekende scenario: dat mense soos lidmaat A die uiterlike skyn van godsdiens het, maar die krag van die godsdiens verloën het. Baie gaan meganies deur die bewegings, sonder 'n beleving van waaroor dit werklik gaan.

Wat is die krag van die godsdiens? Dit is die invloed wat ware godsdiens op jou het, hoe dit jou lewe verander. Waar die krag van die godsdiens in jou aan die werk is, kan dit nie gebeur dat jare se in-die-kerk-wees jou nie verander nie. Die krag van die godsdiens lê uiteindelik in 'n lewende verhouding met God. Hy is die Een wat lewens verander.

Sonder die Woord van God sal jy moeilik 'n lewende verhouding met God hê. Jy sal dan ook moeilik die krag van die godsdiens ervaar. Daarom die opdrag in vers 14-15: Bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo, spesifiek dit wat jy in die Skrif geleer het. Die Skrif bevat alles wat jy moet weet om verlos te word en heil te ontvang. Die kern daarvan is dat jy in Christus Jesus moet glo. Verder bevat die Skrif alles wat jy moet weet om toegewy aan God te lewe.

As die Woord van God deur die Gees in jou werk, word jy verander. Die Woord is 'n krag van God wat van jou 'n nuwe mens maak, wat op 'n nuwe manier leef tot eer van God. Die hartseer werklikheid is dat baie kerkklimate dit nie beleef nie. Een van die kenmerke van ons tyd is dat die Woord van God gering geskat en verwaarloos word. Dit het droewige gevolge: goddeloosheid (selfs in die kerk) en 'n verloëning van die krag van die godsdiens.

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4

Ds JL van der Schyff (Welkom-Noord)